

Francois Verster, in Die Bolander, November 2012

### **Aan die erfenisfront:-onlangse inisiatiewe gee hoop**

Aan die erfenisfront – en dit is ’n stryd om te bewaar en bewus te maak aangaande bewaring – was etlike aktiwiteite wat vermelding verdien. Selwers was ek betrokke by enkeles, en kan ek daarvoor “ooggetuieverslae” lewer. Eerstens, twee geleenthede wat by die Afrikaanse Taalmuseum (ATM) aangebied was: op 27 September was daar die lesing oor Afrikaans se Moslem-verbintenis getiteld “Om kreools te wees: Achmat Davids en die geskiedenis van Afrikaans” deur Prof. Hein Willemsse soos altyd is die geleentheid met die effektiwiteit en flair aangebied wat mens van ’n top WP rugbyspan (soos die huidige Curriebeker-kampioene!) verwag. Aandag aan tegniese detail, asook ’n persoonlike stempel wat sinoniem geraak het met die personeel van Jack Louw, en in besonder Isabeau Botha se entoesiasme en werkywer.

Prof. Willemsse het op sy beurt ’n roerende betoog gelewer om die onderskatte insette van Achmat Davids, brugbouer tussen gemeenskappe en dapper kultuurstryder die eer te gee wat hy verdien, asook ’n interessante kykie gebied oor o.a. die Bo-Kaapse Moslems se onbetwiste invloed in die ontstaan van Afrikaans. Op 1 Oktober was ons weer by die ATM se Historium Konferensiesentrum, dié slag as mede-organiseerder van ’n lesing oor “*Vervoer as 'n integrale en vormende deel van die Suid-Afrikaanse kultuurlandskap toe en nou*” deur Mnr. Hennie van der Merwe, voormalige Stellenbosse dosent in Afrikaanse Kultuurgeskiedenis. Wat uitgestaan het aangaande hierdie werklik interessante lesing was hoe Hennie daarin geslaag het om ’n vergange era byna driedimensioneel aan die gehoor aan te bied met woord en beeld – lieflike ou foto’s van die Paarl veral, maar ook van Gamkaskloof, beter bekend as Die Hel doer teen die Swartberge, en te verduidelik hoe paaie vroeëre geïsoleerde gemeenskappe se wel en wee verander het. En op 19 Oktober is ek en Vrutjie by die Stellenbosch Museum se Safari-ete: Tradisionele disse in die dorp se historiese huise, met Mnr. Pietman Retief as gids. In gietende reën daag die mense op; deurnat, maar vrolik plas ons van een historiese gebou na die ander. Teen die tyd dat ons by Erfurthuis opdaag vir die oorkonde-oorhandiging en hoofmaaltyd, is meeste mense behoorlik deurdrenk, maar ons sít. Klap hande uit opregte waardering vir diegene wat vereer is. gaan Uiteindelik moeg en nat maar tevrede huistoe.

Op 25 Oktober was ek ook op Lyngrove, ’n netweringsgeleentheid gereël deur Stellenbosch 360 om na beplanning van 2013 se Woordfees, Stellenbosch Wynroete en die Bovril Black Tie-geleentheid (die 5 rugbyvelde-lange etenstafel-effek wat voorheen in die Paarl se hoofstraat gehou is, skuif in 2013 na Ryneveldstraat in Stellenbosch) te luister. Hierdie mense, meestal in die toerismebedryf, bring ook hulle kant om die Boland se erfenis-, natuur- en ander skatte te bemark, en indirek te bewaar met die generering van inkomste. My en Vrutjie se laaste belewenis van die reeks erfenisgeleenthede was op 27 Oktober by Bruynzeel-Huis (Constantialaan 18, Dalsig), waar Rosie en Hans

Breuer, die huidige trotse eienaars almal gul ontvang het. Ná die nodige heildronke op beide die huis en die Stellenbosch Museum se 50-ording is 'n Powerpoint-lesing oor die huis, met ander gebou as voorbeelde ter wille van konteks, is uitstekend aangebied deur meester-argitek Wilhelm Krüger. Hoewel daar tor nog 'n aandwandering deur die historiese dorpskern op 31 Oktober sou wees, was hierdie belewenis, dié samekoms van bewaringsbewustes - redelik informeel, met vonkelwyn en (weereens) heerlike versnaperinge - vir my 'n hoogtepunt tussen al die genoemde insiggewende en verrykende klompie gebeurtenisse - en 'n voorreg om oor verslag te lewer in hierdie rubriek.

Neem mens al hierdie passievolle, onbaatsugtige insette van die betrokkenes, soos Me. Sona Buys om net een te noem, in ag, voel jy werklik genoep om self by te dra en hulle las ligter te maak. Ten spyte van die ekonomiese druk, die apatiese fase in ons kultuurlewe en selfs wat sosiale interaksie betref (elektronika triomfeer al meer) en die veroudering van ons verenigings (ek praat van lede), is daar steeds enkelinge wat probeer walgooi. Dit herinner my aan hoekom Leonardo da Vinci nie sy patente kon werk nie – om 'n helikopter, duikboot of oorlogtenk te bou, het jy fabriek nodig. En vaardige mense wat in die fabriek kan werk, maar heel eerste moet elke kultuurgroep 'n poel mense hê wat genoeg kennis het om te weet waarvan die Leonardo's práát as hulle konsepte skep. Dán kan grense oorgesteek word en vooruitgang plaasvind wat een gemeenskap die oorhand oor die ander gee.

En wat vir tegnologiese vernuwing geld, geld egter ook vir kulturele bewaring, al lyk dit soos twee uiterstes. Want daar is 'n ontwikkelingsgang wat die groter prentjie gee, en wil ons regtig he ons kinder moet dink daar was altyd selfone en rekenaars en al die blink, kortstondige goetertjies wat ingedruk en aangeheg word? Kraaie is slim voëls en hulle hou van blink voorwerpe, maar kraaie het niks ontwikkel in mense heugenis nie. Hulle bly steeds voëls - en ons? *Fools?* (so dom soos kraaie?). En net so ongevoelig oor opbouende samewerking? Een ding staan vas: hoe kleiner daai ondersteuningspoeletjie, hoe minder die prestasies. 'n Leidende opvoedkundige sê juis onlangs dat Afrika se probleem is dat hy mette te min tevrede is – lae standarde is aanvaarbaar. Terselfdertyd praat almal van globale “verdomming” (“dumbing down”). Wie se skuld is dit? Ons kinders s'n? Dalk nie. Maar hulle gaan eventueel die prys betaal. Soos ek tevore gesê het: die “Groot K” is Kultuur – en wat ons daarmee doen.

Francois Verster, in Die Bolander, November 2012